(Gepubliseer in Burger, 23 Julie 1936.)

(deur dr. H. B. Thom). [Graaff-Reinet]

I. 191. A. 1 (27)

Op 19 Julie 1786 is die grense van die distrik Graaff-Reinet by wyse van 'n plakkaat van die Kaapse Regering vasgestel; Graaff-Reinet kan dus vanjaar oor 'n bestaan van anderhalf eeu terugsien. Alhoewel dit in die ouere lande niks besonders genoem sou word nie, is dit in 'n jong land soos Suid-Afrika, waar die blankes hul nog geen drie honderd jaar gelede permanent begin vestig het nie, voorwaar 'n lange bestaan. Die historiese betekenis van 'n plek hang egter nie net van sy ouderdom af nie, maar veral ook van die ontwikkeling wat daar plaasgevind het en van die invloed wat vandaar uitgegaan het. Beoordeel ons Graaff-Reinet nie alleen uit die oogpunt van sy bestaansduur nie, maar ook uit die ander oogpunte, dan sal ons sy betekenis al spoedig begryp en sal ons oorgenoeg rede vind vir die feestelikhede van die inwoners van die dorp en distrik in hierdie dae. Iedere regte Afrikaner sal in die vreugde deel en sy gelukwensing wil oorbring, want Graaff-Reinet het in die loop van sy honderd-en-vyftig jaar veel vir ons land en volk beteken; in tye van voorspoed, net soos in tye van beproewing, het daar warme Afrikanerharte geklop, altyd een met die res van die nasie.

Graaff-Reinet is gestig deur die ware binnelandse Afrikaner, die veeboer-pionier. Teen die middel van die agtiende eeu het die veeboere steeds meer en meer in oostelike rigting uitgebrei. Die Kompanjiesbewind het hierdie uitbreiding ongraag gesien en herhaaldelik getrag om dit aan

bande te lê, maar teengeëfs; die veetroppe het aangegroei en die boere moes meiveld uit hulle mee hê. Die oostelike voortskuiwing gaan dus voort, al op die spore van die Xhosas. In die jare sestig en sewentig is reeds die gebied binnegedring wat later die distrik Graaff-Reinet sou word.

In 1775 was die boere na die sin van die Regering te ver na die ooste uitgebrei. Verskeie van die voorstes het hulle reeds agter Bruintjieshoogte gevestig — 'n gebied wat volgens getuienisse van die bekende reisiger Sparrman en van die betrokke mense self destyds een van die allerbeste dele vir landbou en veeteelt in die Kolonie was — en dit was juis hulle wat die misnoeë van die Regering opgewek het. Van owerheidsweë is hulle aangesê om die gebied dadelik te verlaat en binne die Kolonie terug te keer. Maar hierop antwoord hulle met 'n smeekskrif om te bly waar hulle was, en, om hulle eie woorde te gebruik, „wijders nog versoekende in eerbied een bequaam persoon agter de Bruijnshoogte tot het bijwoonen van kleine geschillen als buure twist te slichten en de overtreeders aan te geven bij den E: Agtbaren Politiquen Raadt."

Hierdie versoekskrif, en daarby die besoek van goewerneur Van Plettenberg in 1778 en die eerste Kafferoorlog van 1779–1781 — wat die noodsaaklikheid van 'n nuwe administratiewe sentrum duidelik aangetoon het — was die vernaamste faktore wat tot die stigting van 'n nuwe distrik meegewerk het. Aan die end van 1785 het die Hoë Bewindhebbers in die moederland hul goedkeuring aan die vorming van die distrik geheg; sewe maande later, Julie 1786,

lê Goewerneur en Raad aan die Kaap die grense van die distrik nes. „Graaff-Reinet" is dit genoem — ter ere van die destydse goewerneur Van de Graaff en sy vrou Reinet. Jare gelede het die stadsvaders van Graaff-Reinet reeds op die mooi gedagte gekom om portrette van hierdie goewerneur en sy eggenote in die plaaslike stadhuis te plaas.

As 'n mens 'n historiese kaart langs 'n kaart van die huidige Kaapprovinsie lê, dan val dit dadelik op dat die distrik Graaff-Reinet in 1786 'n veel groter gebied beslaan het as vandag. Benewens die huidige distrik Graaff-Reinet self het ook die distrikte Albanie, Alexandria, Bathurst, Uitenhage, Prins. Albert, Willowmore, Somerset-Oos, Jansenville, Cradock, Aberdeen, Beaufort-Wes, Murraysburg, Richmond, Hanover, Colesberg, Middelburg en Steynsburg en ook nog dele van Tarka en Albert aanvanklik onder Graaff-Reinet geressorteer. Graaff-Reinet het dus 'n moederdistrik gevorm, waaruit met verloop van tyd al hierdie distrikte tot stand gekom het.

Maar dit beteken ons om hier ook op die ontstaan van die dorp te let. Maurits Hendrik Otto Woeke, 'n burger van Stellenbosch, het die eer te beurt geval om as eerste landdros van Graaff-Reinet benoem te word. Sy eerste taak was om 'n geskikte plek vir 'n drosdy te bepaal, en na 'n deeglike ondersoek het sy keuse op twee plase naby die oorsprong van die Sondagsrivier geval, destyds in besit van Dirk Coetsee. Hier is die drosdy gebou en hier het Woeke in Okt: 1786 vir die eerste keer sy ses heemrade bymekaargeroep, tw. David de Villiers, David Schalk van der Merwe, Andries Pieter Burger, Josua Joubert, Adriaan van Jaarsveld (toe reeds bekend as

'n onverskrokke krygsman) en Jacobus Gustaf Irigardt ('n oom van die eerste Voortrekker-leier). Die eerste stappe in verband met die stigting van 'n historiese dorp aan die bo-waters van die ewe historiese Sandags rivier en aan die voet van die majestueuse Spandaukop, is aldus geneem.

Dirk Coetsee het sy grond hier onder die destydse leningsplaasstelsel gehad, en volgens wet was hy, soos alle ander houers van leningsplase, verplig om afstand daarvan te doen as die Regering dit nodig ag. Dit blyk dat Coetsee nie sonder meer genoeë geneem het met die ontneeming van sy grond nie, en herhaaldelik moes met hom onderhandel word om hom tevrede te stel. Daarom hoef dit ons nie te verwonder nie dat in die vergadering van Landdros en Heemrade op 13 Nov. 1786 mee besluit is om „den burger Dirk Coetsé tegens de eerstkomende vergadering te doen appointeeren ten eynde met hem nader te accordeere wegens de plaatsen van dewelke hy had afstand gedaan". Eindelik is 'n bevredigende oplossing bereik toe hom 'n ruime vergoeding vir gebou en ander verbeterings wat hy op die grond aangebring het, uitbetaal is en hom ander grond van dieselfde omvang elders toegestaan is.

Uit die notule van die Graaff-Reinetse hof van Landdros en Heemrade kry ons 'n interessante insig in die eerste plaaslike aktiwiteite. Van die begin af moes vir die verdediging teen inboorlinge gesorg word. In die vyf maande Julie tot Nov. 1786 het die Boesmans alleen nie minder as 1200 beeste en 1500 skape weggevoer nie, met die gevolg dat, soos die landdros verklaar, „'t niet zelden gebeurd, dat zig menig een der Ingeseetenen eens klaps tot een armoedige staat gebragt ziet".

Sulke toestande het daartoe gevoer dat „manhafte krijgsofficieren", o.w. meer Adriaan van Jaarsveld en die eweneens bekende Ipart van der Walt, nog voor die end van 1786 ingeswer is. Overigens sien ons die ingesetenes reeds vroeg besig met die stigting van 'n fonds waaruit die koste van die drosdy, van 'n kerkgebou en 'n pastorie gedek moes word. Op die manier is daar onder uiters moeilike omstandighede tog stadigaan koers gekry.

Uit die genoemde bedrywighede van die vroeë Graaff-Reinetters het ons hulle reeds gedeeltelik leer ken, maar dit is van belang om met hulle as mense nader kennis te maak. Bevooroordeelde en half-ingeligte reisigers het ongunstige prente van hulle opgehang, maar betroubare getuies soos Heinrich Lichtenstein, kolonel Collins en Thomas Pringle, wat in die boere se huise gekom het, gemaaklik met hulle gesels en aldus in insig in hulle geesteslewe gekry het, en wat bowendien nie bevooroordeeld was nie, het heeltemal anders oor hulle geoordeel.

Lichtenstein het onomwonde verklaar dat daar agter die growwe uiterlike van die veldboer-pioniers 'n fyn-beskaafde innerlike geskuil het. Kol. Collins was getroef deur hulle menslikheid. In tye van skaarste het sommige van die Graaff-Reinetse boere nie geaarsel om verhongerde Boesmans van lewensmiddele te voorsien nie: „Many of them (d.i. Boesmans) were thus saved from perishing by the supplies of sheep and game which they received from the farmers". Pringle gewaag van die opregtheid en openhartigheid van die mense. Hy vertel hoedat sommige, pas na hulle kennismaking met

hom, belangstellend na sy familiebetrekkinge verneem het en hom selfs nie sy ouderdom gespaar nie. Maar hy het dit hulle nie ten kwade gedui nie, en die ou oams en tantes op sy beurt dergelike persoonlike vrae gestel, waarop hulle nie slegs met openhartigheid nie, maar selfs met veel voldoening geantwoord het.

Daarby lê baie segsmanne nadruk op die gasvryheid, die familieliefde en veral op die godsdienssin van die boere. Die Bybel het sy besondere plek in die huishoudings gehad, en het vir die boere 'n nigsnoer in hulle alledaagse lewe gevorm. Die Bybelvastheid was angetwyfeld die vernaamste faktor om die mense teen morele ontaarding te vrywaar; hulle het 'n afkeer van die heidense gewoontes van die inboorlinge gehad, en het besef dat hulle hul kultureel op 'n eiland bevind het. Hulle handhawing van hul kulturele posisie was hul redding; daarom kon hulle hul omgewing weerstaan, en het hulle nie self tot barbarisme verval nie.

Afgesien van uitsonderings, was dit dan die tipe van mense wat vir die vorming van Graaff-Reinet verantwoordelik was; hulle het angetwyfeld 'n gesonde sosiale grondslag in 'n nuwe distrik uitgemaak. Die bewering wat ons soms nog van ongunstig gesindes hoor, nl. dat hulle die binneland ingetrek het om buite bereik van die gereg te kom, word deur hulle dade duidelik gelöenstraf want, soos ons reeds gesien het, het hulle reeds vroeg om 'n deeglike regspleging versoek.